

Week 7 en 8 (14 Sep - 25 Sep)

Aanbeveling: Doen 2 of 3 items per afdeling 'n dag vir die 5 dae wat die leerder tuis bly.

Wiskunde (CAMI oefeninge is opsioneel)

Soos verduidelik in die CAMI brief - Volg die volgende roetes om by die oefeninge uit te kom soos verwys in die onderstaande kontrolelys.

1. Klik op oefen.
2. Klik op wiskunde.
3. Klik op onderwerpe.
4. Gebruik die soek funksie en tik die CAMI kode in.
5. Maak seker u kies Graad R by die graad opsie. Klik op soek.
6. Klik op die skakel wat opkom. Dit sal u na die oefening neem.

-
- Hersien getal storie 8
 - Trek die huisie af of druk(print) die leë dierehuisie 8 keer.
 - Leerder teken binne elke huisie die prentjie, getalnaam, getalsimbool en kolkaart. Die getalnaam kan mamma/pappa met kolletjies skryf en leerders kan naskryf.

Watter diere bly is watter huis:

1 olifant	5 apies
2 sebras	6 eende
3 meerkatte	7 paddas
4 kameelperde	8 muise

- Die leerder knip dan elke huis op in 5 dele- die 4 kaartjies en die dak.

- Leerder bou dan die huise in die regte volgorde van 1 tot 8. Indien die leerder sukkel, doen 2 of 3 huise 'n dag totdat hy/sy nie meer deurmekaar word nie.
- Dit kan gereeld inge oefen word, deur dit meer uitdagend te maak d.m.v. 'n stophorlosie. Mamma of Pappa kan 'n stophorlosie gebruik om te toets hoe lank dit hom vat om al die huise korrek te bou.
- Gaan soek tellers in die huis vir elke wiskunde huisie. Byvoorbeeld doppies, macaroni, blokkies, kryte. Die tellers van al die huise moet dieselfde lyk. Mamma/pappa vra vrae oor die diere. Leerders gebruik die tellers om die vrae op te los. Byvoorbeeld:
 - Die olifant gaan kuier by die meerkatte. Hoeveel diere is daar nou in meerkatte se huis?
 - Een van die apies gaan kuier by 'n ander huis. Hoeveel apies bly oor in die huis?
 - Die zebras gaan kuier by die eende. Hoeveel diere is daar nou in die huis?


**Verwys na video as voorbeeld.*

- Mamma/pappa maak die verskillende kaartjies deurmekaar en flits dit vir die leerder om te identifiseer.

CAMI oefeninge:

- Pas groepe by getalle vanaf 1 tot 7 (5762)
- Pas groepe van 1 tot 7 (5760)
- Meer of minder tot 9 voorwerpe (5071)

Leë dierehuisie:



Huistaal

- Lees die Kammaland storie vir die hersiening van die s - klank
- Gebruik die robot-kaart om die korrekte skryfwyse in te oefen.
- Speel met teenoorgesteldes. Kyk na die prentjie en bepaal wat sal die teenoorgestelde prentjie wees deur jou eie weergawe te teken. Mamma skryf die teenoorgestelde woord onder aan jou prentjie. - Die doel is dat die besef dat sy getekende prent 'n betekenisvolle boodskap oordra.



Die man is **groot**,
maar die muis is **klein**.
(leerder teken nou sy eie klein muis)



Die hok is **toe**,
en nou is die hok **oop**.
(leerder teken sy eie oop hok, teken
ook wat jy dink met die voël sal
gebeur?)



Die seun is **vuil**,
maar die meisie is **skoon**.
(leerder teken nou sy eie skoon meisie)



Die vleis is **rou**,
maar ek hou van die vlei **gaar**.
(leerder teken nou sy eie gaar vleis-
kan enige iets wees)

- Hersien klankies wat ons reeds ken deur vir elke klank 3 van jou eie woorde se prentjie te teken wat met daardie klankie begin. Mamma kan die woord onder aan jou prentjie skryf. (w, v, m, n, r, l, h, t, o, a, g, b, s)

Doen en Leer

Die groenboek se tuiswerk strek oor 2 weke. Net vir die 5 dae wat die leerder tuis gebly het, moes 2 bladsye op 'n slag voltooi word. Die idee is nie om die leerders met werk te oorlaai nie. Indien u pligsgetrou op datum bly en net die nodige 2 bladsye op 'n dag doen sal die werk nie te veel wees nie.

- Voltooi en haal in: Week 26

Slegs leerders met komorbiditeite

Slegs die leerders met komorbiditeite wat boeke kom afhaal het, voltooi ook die volgende werk. Hierdie werk word met die res van my klasmaats gedurende klastyd behandel.

1. Spogboek: Voltooi asb. Kwartaal 3 se volgende bladsye:

- Plaasdiere,
- Koningskos
- Brandweer

2. Kwartaal 3 DBE Rooiboek

- Voltooi bl. 31 - 41

3. Maak asb. kontak met die klasonderwyser om seker te maak of daar vir die week ekstra kunswerk by die skool afgehaal moet word. Die werk sal voorsien word waar moontlik.